

## MATTHEUS 24 EN 25 – DIE OLYFBERG PREDIKING – ‘N KYKIE NA HOE JESUS DIE EINDTYD BESKRYF HET EN HOE HY DIE VERSKIL TUSSEN DIE ANTICHRIS EN DIE WAT JESUS SE GERECHTIGHEID BESIT BESKRYF HET.

---

### INLEIDING

---

In die stuk wil ek graag die twee hoofstukke behandel soos wat ek glo Jesus dit verwoord het, teenoor dit wat volgens my die antichristelike leerstelling van die antichris is. Ek wil net as agtergrond gedeeltes uit die briewe van Johannes aanhaal waar Johannes die antichris definiëer. Dit is die enigste plekke in die Bybel waar die woorde direk gebruik word. *“1Jo 2:18 Kinders, dit is die laaste uur; en soos julle gehoor het dat die Antichris kom, bestaan daar ook nou baie antichriste, waaruit ons weet dat dit die laaste uur is. 1Jo 2:22 Wie is die leuenaar, behalwe hy wat ontken dat Jesus die Christus is? Dit is die Antichris wat die Vader en die Seun loën. 1Jo 4:3 en elke gees wat nie bely dat Jesus Christus in die vlees gekom het nie, is nie uit God nie; en dit is die gees van die Antichris waarvan julle gehoor het dat hy kom, en hy is nou al in die wêreld. 2Jo 1:7 Want baie verleiers het in die wêreld ingekom: die wat nie bely dat Jesus Christus in die vlees gekom het nie. Dit is die verleier en die Antichris.”*

Die gedeeltes is veral nodig vir die interpretering van die tweede onderwerp wat Jesus aanhaal, vanaf die einde van die wêreld soos ons dit vandag ken tot en met die finale oordeel van Matteus 25.

So kom ons begin met Matteus 24 verse 1 tot 2. Hier begin Hy dan met die eerste onderwerp. Ons sal in die twee hoofstukke sien dat daar agt gedeeltes is waaroor Jesus praat.

### DIE EERSTE GEBEURE AS INLEIDING

---

So kom ons begin by die begin: *“En Jesus het uitgegaan en van die tempel vertrek, en sy dissipels het nader gekom om Hom die geboue van die tempel te wys. En Jesus sê vir hulle: Sien julle al hierdie dinge? Voorwaar Ek sê vir julle, daar sal hier sekerlik nie een klip op die ander gelaat word, wat nie afgebreek sal word nie.”* (Mat24:1-2) Hier vertel Jesus vir die dissipels wat eerste sal gebeur. Hier wys Jesus dat die tempel soos dit in Jesus se tyd gewees het, totaal en al verwoes sal word. Daar sal nie een klip bo-op die ander een bly nie, want almal sal die tempel deursoek om te kyk wat hulle kan plunder. Dit is presies wat gebeur het tydens die verwoesting van die tempel in 70NC. Josephus reken dat gedurende die tydperk 65NC tot 70NC, 1,1 miljoen mense gedood is in Jerusalem en omliggende gebiede deur Roomse magte. Daar is nog ‘n verdere klomp gevange geneem, maar dit was die straf wat die HERE gehad het vir die Jode wat Jesus nie as Messias gesien het nie. So is hulle vonnis voltrek. Dit is presies wat Jesaja na verwys het in Jesaja 5: *“Laat My julle dan nou te kenne gee wat Ek met my wingerd gaan doen: Ek sal sy doringheining wegneem, sodat dit verwoes word; Ek sal sy muur stukkend breek, sodat dit vertrap word. En Ek sal dit ‘n wildernis maak: dit sal nie gesnoei of omgespit word nie, maar opskiet met dorings en distels; en Ek sal die wolke gebied om nie daarop te reën nie. Want die wingerd van die HERE van die leëskare is die huis van Israel, en die manne van Juda is die tuin van sy verlustiging; en Hy het gewag op reg, maar kyk, dit was bloedvergieting; op geregtigheid, maar kyk, dit was geskreeu!”* (Jes 5:5-7)

Nou gaan Jesus verder en sê wat daarna sal gebeur met die wat glo dat Jesus die Christus is. *“En toe Hy op die Olyfberg gaan sit het, kom die dissipels alleen na Hom en sê: Vertel ons, wanneer sal hierdie dinge wees, en wat is die teken van u koms en van die voleinding van die wêreld? En Jesus antwoord en sê vir hulle: Pas op dat niemand julle mislei nie. Want baie sal onder my Naam kom*

*en sê: Ek is die Christus! en hulle sal baie mense mislei. En julle sal hoor van oorloë en gerugte van oorloë. Pas op, moenie verskrik word nie, want alles moet plaasvind, maar dit is nog nie die einde nie. Want die een nasie sal teen die ander opstaan en die een koninkryk teen die ander; en daar sal hongersnood wees en pessiëktes en aardbewings op verskillende plekke. Maar al hierdie dinge is 'n begin van die smarte. Dan sal hulle jul aan verdrukking oorgee en julle doodmaak; en julle sal deur al die nasies gehaat word ter wille van my Naam. En dan sal baie tot struikel gebring word en mekaar verraai en mekaar haat. En baie valse profete sal opstaan en baie mense mislei. En omdat die ongeregtheid vermeerder word, sal die liefde van die meeste verkoel. Maar wie volhard tot die einde toe, hy sal gered word. En hierdie evangelie van die koninkryk sal verkondig word in die en wat moet gebeurhele wêreld tot 'n getuïenis vir al die nasies; en dan sal die einde kom.” (Mat 24:3-14)*

Soos ons ook maar is het hierdie volgelingen ook nie alles dadelik gesnap nie, en het hulle gevra dat Jesus die gedeeltes moet verduidelik. Die gedeelte maak vandag nog baie mense deurmekaar wat hulle eie interpretasie daaraan wil koppel. Vir die rede moet ons baie mooi verstaan wat Jesus bedoel het met die gedeeltes.

## DIE EERSTE TEKEN

---

Nou begin Hy by die eerste gedeelte oor die tempel. *“Wanneer julle dan die gruwel van die verwoesting, waarvan gespreek is deur die profeet Daniël, sien staan in die heiligdom—laat hy wat lees, oplet— dan moet die wat in Judéa is, na die berge vlug; wie op die dak is, moet nie afkom om iets uit sy huis weg te neem nie; en wie op die land is, moet nie omdraai om sy klere weg te neem nie. Maar wee die vroue wat swanger is en die wat nog soog, in daardie dae. En bid dat julle vlug nie in die winter of op die sabbat mag plaasvind nie. Want dan sal daar groot verdrukking wees soos daar van die begin van die wêreld af tot nou toe nie gewees het en ook nooit sal wees nie. En as daardie dae nie verkort was nie, sou geen vlees gered word nie; maar ter wille van die uitverkorenes sal daardie dae verkort word.” (Matt 24:15-22)* So die gedeelte handel oor die verwoesting van Jerusalem en die tempel na sy dood en opstanding. Nou gee Jesus vir almal hier 'n aanduiding wie dit gaan wees wat hierdie oordeel oor die mense van Jerusalem en die tempel gaan laat kom. Jesus verwys na dit wat Daniël in Daniël 9 opgeten het. *“En ná die twee en sestig sewetalle sal 'n Gesalfde uitgeroei word, maar sonder iets vir Hom; en die volk van 'n vors wat sal kom, sal die stad en die heiligdom verwoes, maar sy einde sal met 'n oorstroming wees, en tot die einde toe sal dit oorlog wees, vasbeslote verwoestings.” (Dan 9:26)* Nou beskryf Jesus dat Hyself, die Gesalfde sal gedood word, sonder dat dit enige voordeel vit Hom inhou. Dan gaan die Engel voort en sê dat die vors van 'n volk wat sal kom, so nie 'n vors wat daardie tyd al 'n vors was nie, sal die einde van Jerusalem bring en dit sal soos 'n oorstroming wees soos die soldate deur die stad sal beweeg. Geen persoon sal kan staande bly teen hierdie golf van soldate nie. Daniël gebruik die voorbeeld van soldate as 'n oorstroming ook in ander gedeeltes soos in Daniël 11 vers 40 word soldate ook as 'n vloed bespreek *“en hy sal daarmee in die lande inkom en instroom en dit oorvloei.”*

So die eerste gedeelte verklap dus vir ons wat sal gebeur van Jesus se dood tot en met die verwoesting van die tempel deur die Roomse ryk. Nou gaan Jesus voort en gee te kenne wat Sy volgelingen moet doen wanneer hierdie gebeure gaan plaasvind. Jesus waarsku hulle dus om nie te dink dat die HERE hulle sal beskerm gedurende die tydperk nie. Jesus gee hulle net te kenne wat hulle moet doen en dan moet hulle self optree. So hulle moet die woord glo wat Hy hier tot hulle spreek, want soos Paulus tereg daarna verwys in Romeine 11, het die HERE vir Hom 'n oorblyfsel gehou wat nie gedood is tydens die val van Jerusalem nie, en hierdie is die mense waarmee Jesus hier praat en moet hulle Sy getuïes wees tot aan die einde van die aarde. *“Rom 11:5 Net so is daar dan ook in die teenwoordige tyd 'n oorblyfsel, ooreenkomstig die verkiesing van die genade.”*

## DIE TYDPERK WAARIN ONS HUIDIGLIK LEWE

---

Nou kom Jesus by wat sal gebeur met ons as Christene vanaf die tyd van verwoesting van die tempel en Jerusalem, tot Sy wederkoms. *“As iemand dán vir julle sê: Kyk, hier is die Christus! of: Daar! —moet dit nie glo nie. Want daar sal valse christusse en valse profete opstaan, en hulle sal groot tekens en wonders doen om, as dit moontlik was, ook die uitverkorenes te mislei. Kyk, Ek het dit vir julle vooruit gesê. As hulle dan vir julle sê: Kyk, Hy is in die woestyn—moenie uitgaan nie; kyk, Hy is in die binnekamer—moet dit nie glo nie.”* So die kenmerk van die antichris gaan wees om mense te mislei, en vir hulle mens gemaakte “konings” gaan aanstel wat leuens gaan verkondig. Hoeveel kere hoor ons nie dat daar herlewing hier uitgebreek het en al wat jy moet doen is net soontoe gaan en jy is so goed soos in die hemel, want die HERE is verseker daar. ‘n Gedeelte wat my opgeval het jare gelede, is dat die HERE vir Moses ook geroep het terwyl hy agter die berg was. Hy het hom nie geroep in die voorkant van die berg waar al die aandag was nie, maar in die agterkant van die berg, die plek waar min mense ooit kom. Meeste mense wil mos in die kalklig wees, die voorkant van die berg, verseker nie in die agterkant van die berg nie.

So Jesus gee ons tekenne dat ons wat nou in hierdie tyd leef, baie aanslae sal moet verduur van die vyand, want die antichris gaan probeer om soveel as moontlik mense saam met hom te vat na die plek wat ek verseker nie wil wees nie. Wie sê Johannes nou weer is die antichris? *“1Jo 4:3 en **elke gees wat nie bely dat Jesus Christus in die vlees gekom het nie, is nie uit God nie; en dit is die gees van die Antichris waarvan julle gehoor het dat hy kom, en hy is nou al in die wêreld. 2Jo 1:7 Want baie verleiërs het in die wêreld ingekom: die wat nie bely dat Jesus Christus in die vlees gekom het nie. Dit is die verleier en die Antichris.**”* Nou gee Paulus ook vir ons ‘n verdere riglyn wie ook saam met die mense daar gaan wees wat ontken dat Jesus die Christus en Messias is. *“En omdat hulle dit nie die moeite werd geag het om God in erkenning te hou nie, het God hulle oorgegee aan ‘n slegte gesindheid, om te doen wat nie betaam nie: hulle is vervul met allerhande ongeregtigheid, hoerery, boosheid, hebsug, ondeug; vol nydigheid, moord, twis, bedrog, kwaadaardigheid; nuusdraers, kwaadsprekers, haters van God, geweldenaars, trotsaards, grootpratery, uitvindery van slegte dinge, ongehoorsaam aan die ouers; onverstandig, ontrou, sonder natuurlike liefde, onversoenlik, onbarmhartig, mense wat al ken hulle die verordening van God goed, dat die wat sulke dinge doen, die dood verdien dié dinge nie alleen self doen nie, maar ook hulle goedkeuring skenk aan die wat dit doen.”* (Rom 1:28-32) So dit is nie net die wat ontken dat Jesus die Christus is nie, maar die wat saampraat en sê dat Jesus weer moet kom om die wat van die begin af al nie glo dat Jesus die Seun van God is nie, te kom oortuig en massas Jode tot bekering gaan kom, hulle word ook getel onder die antichris. So dit sluit al die dispensasioniste in. Hulle glo nie dat toe Jesus aan die kruis gesê het “Dit is volbring”, dat dit werklik so was nie. Nee, vir hulle moet Jesus weer kom om in Jerusalem te kom regeer, maar Hy regeer alreeds in die Hemelse Jerusalem. So hulle maak Jesus tot leuenaar, en daarom sal hulle nie deel hê aan wat gebeur nadat die aarde vergaan nie, maar sal hulle skuldig staan by die wit troon oordeel, en in die vuur gewerp word, saam met die persone wat die Joodse geloof aanhang. Verder glo hulle ook dat die HERE veranderbaar is aangesien Hy verskillend met mense optree in elk van hulle sogenaamde dispensasies. Dit tenspyte van die feit dat Hebreërs verklaar dat *“Heb 13:8 Jesus Christus is gister en vandag dieselfde en tot in ewigheid.”* So ons sal nooit seker wees of wat daar staan nog geldig is vandag nie, want die HERE tree verskillend op gedurende elke dispensasie, so Hy kan dus anders vandag optree as gister.

So uit die gedeelte kan ons duidelik sien dat die antichris is die wat nie glo dat Jesus die Christus is nie, asook die wat daarop aandring dat Jesus eers weer moet kom om die Jode te kom oortuig dat Hy die Christus is. As ons reg onthou van die verhaal wat Jesus gebruik het met Lasarus en die ryk man, het Hy self gesê die mense het net Moses en die profete nodig om tot redding te kom. Hy noem ook dat indien iemand uit die dood uit opstaan sal die mense nog steeds nie glo nie, presies wat met Hom gebeur het. So die antichris is vandag baie lekker besig in amper elke Kerk en groepering om hulle te verlei. So dit is nie die Roomse Kerk of die Illuminati of die Joodse geloof alleen nie aangesien niemand geoordeel sal word oor hy aan ‘n sekere groep behoort nie, maar almal wat nie glo dat Jesus alreeds alles gedoen het wat Hy moes kom doen het op aarde nie. Dit sluit nou die Joodse geloof, Moslems en alle “christene” in wat vashou aan

die wegrapingsleer en die leer van “hulle” leier in, soos ons sien met die Mormone en sommer baie ander groepe.

## DIE WEDERKOMS

---

Nou beskryf Jesus hoe die wederkoms sal wees. So dit is die tyd wat bespreek word in Openbaring 6 wanneer die sesde seël oopgemaak word. *“En ek het gesien toe Hy die sesde seël oopgemaak het, en kyk, daar was ‘n groot aardbewing; en die son het swart geword soos ‘n harige sak, en die maan het geword soos bloed; en die sterre van die hemel het op die aarde geval, soos ‘n vyeboom wat deur ‘n groot wind geskud word, sy navye laat afval; en die hemel het weggewyk soos ‘n boek wat toegerol word, en al die berge en eilande is uit hulle plekke versit; en die konings van die aarde en die grotes en die rykes en die owerstes oor duisend en die magtiges en al die slawe en al die vrymense het hulle weggesteek in die spelonke en in die rotse van die berge, en vir die berge en die rotse gesê: Val op ons en verberg ons vir die aangesig van Hom wat op die troon sit, en vir die toorn van die Lam; want die groot dag van sy toorn het gekom, en wie kan bestaan?”* (Opn 6:12-17) Hier sien ons wat tipies vandag verkondig word en sal die persone dink dit is wat Jesus bedoel het toe hy sy volgelinge opdrag gegee het om uit Jerusalem te vlug voor die verwoesting van Jerusalem. Nou sal die persone probeer vlug, maar wanneer die maan word soos bloed, en die hemel wegwyk soos ‘n boekrol wat wat toegerol word, so sal die aarde verwoes word, en niemand sal oorleef nie. Slegs die wat Jesus as verlosser ken, en Sy geregtigheid besit, sal hulle nou vind in die hemelruim, of die paradys, die woorde wat Jesus gebruik het om dit te beskryf toe Hy aan die kruis gehang het.

Nou Jesus se eie woorde: *“Want soos die weerlig uit die ooste uitslaan en tot in die weste skyn, so sal ook die koms van die Seun van die mens wees. Want oral waar die dooie liggaam lê, daar sal die aasvoëls saamkom. En dadelik ná die verdrukking van daardie dae sal die son verduister word, en die maan sal sy glans nie gee nie, en die sterre sal van die hemel val, en die kragte van die hemele sal geskud word. En dan sal die teken van die Seun van die mens in die hemel verskyn, en dan sal al die stamme van die aarde rou bedryf en die Seun van die mens sien kom op die wolke van die hemel met groot krag en heerlikheid. **En Hy sal sy engele uitstuur met harde trompetgeluid, en hulle sal sy uitverkorenes versamel uit die vier windstreke, van die een einde van die hemele af tot die ander einde daarvan.** En leer van die vyeboom hierdie gelykenis: Wanneer sy tak al sag word en sy blare uitbot, weet julle dat die somer naby is. So weet julle ook, wanneer julle ál hierdie dinge sien, dat dit naby is, voor die deur. Voorwaar Ek sê vir julle, hierdie geslag sal sekerlik nie verbygaan voordat al hierdie dinge gebeur het nie. Die hemel en die aarde sal verbygaan, maar my woorde sal nooit verbygaan nie. Maar van dié dag en dié uur weet niemand nie, ook die engele van die hemele nie, maar net my Vader alleen. En net soos die dae van Noag was, so sal ook die koms van die Seun van die mens wees. Want net soos hulle was in die dae voor die sondvloed toe hulle geëet en gedrink het, getrou en in die huwelik uitgegee het, tot op die dag dat Noag in die ark gegaan het, en dit nie verstaan het voordat die sondvloed gekom en almal weggevoer het nie, so sal ook die koms van die Seun van die mens wees. Dan sal daar twee op die land wees; die een word aangeneem en die ander word verlaat. Twee vroue sal by die meul maal; die een word aangeneem en die ander word verlaat. Waak dan, omdat julle nie weet watter uur julle Here kom nie. Maar weet dit: as die huisheer geweet het in watter nagwaak die dief sou kom, sou hy gewaak en nie toegelaat het dat in sy huis ingebreek word nie. **Daarom moet julle ook gereed wees, want die Seun van die mens kom op ‘n uur dat julle dit nie verwag nie. Wie is dan die getroue en verstandige dienskneg vir wie sy heer oor sy diensvolk aangestel het om hulle hul voedsel op tyd te gee? Gelukkig is daardie dienskneg vir wie sy heer, as hy kom, op hierdie manier besig sal vind.** Voorwaar Ek sê vir julle, hy sal hom oor al sy besittings aanstel. Maar as daardie slegte dienskneg in sy hart sê: My heer talm om te kom— en hy sy medediensknegte begin slaan en saam met die dronkaards begin eet en drink, dan sal die heer van dié dienskneg kom op ‘n dag dat hy dit nie verwag nie en op ‘n uur dat hy dit nie weet nie; en sal hom pynig en hom ‘n deelgenoot van die geveinsdes maak. Daar sal geweene wees en gekners van die tande.”* (Mat 24:27-51)

Die gedeelte handel dus oor hoe die einde van hierdie aarde en hierdie tydvak verby sal gaan. Ons moet ten alle tye gereed wees om te kan gaan, en nie uitstel tot more om te doen wat van ons verwag word nie. Ons kan ook nie talm en dink daar is nog baie tyd nie, want niemand weet wanneer die einde sal kom nie. Die een gedeelte wat ek regtig wil uitlig uit die gedeelte is die gedeelte wat ek in vetdruk ook beklemtoon het, naamlik: ***“En Hy sal sy engele uitstuur met harde trompetgeluid, en hulle sal sy uitverkorenes versamel uit die vier windstreke, van die een einde van die hemele af tot die ander einde daarvan.”*** Dit bewys vir ons dat daar verskillende gedeeltes is in die hemel vir die verskillende Christene. Dit is iets wat ek verduidelik in my boek: “Die openbaring van die Openbaring van Johannes”, asook my boek “Is Egipte in die Hemel?” Dit word ook beskryf in ‘n ander boek van my “Ontwaak jy wat slaap”. In al drie die boeke bespreek ek hoe die Ou Testamentiese profete gesien het hoe verskillende volke verskillende oordele sal ontvang. Al hierdie verskillende volke word in verskillende gedeeltes van die hemel gevind. En vandag kan ons al ons verskillende denkrigtings en interpretasies van die Bybel ook in sewe verskillende groepe opdeel, soos Johannes dit doen in die begin hoofstukke van Openbaring. Laai gerus die boeke gratis af en sien wie waar gaan wees. Miskien help dit net om te verseker dat u verstaan wat u moet doen om te verseker dat u reeds in die hemelse Jerusalem sal wees wanneer Jesus op die wolke kom. Die skakel is <http://shamaministries.org.za/wp/gratis-boeke/>

## HOOFSTUK 25 – DIE EERSTE SKIEDING TUSSEN DIE BOKKE EN DIE SKAPE

Nou kom ons by hoofstuk 25. Dit is nou hier waar Jesus die wat Hom as verlosser aangehang het, gaan oordeel tussen die wat werklik Sy kinders is, en die wat deur die “motions” gegaan het, maar nie werklik Sy kinders is nie. Die eerste skeiding gaan wees oor wie die Heilige Gees in hul lewe toegelaat het, en die salwing van die Heilige Gees gehad het. Dit is waaroor die verhaal van die tien maagde gaan. Dit is regtig moeilik om te verstaan dat die persone hulle tog rein gehou het, maar nie die werking van die Gees ervaar of toegelaat het in hul lewe nie. Hier vind ons dat die helfde van al die mense wat wel Jesus as verlosser gesien het, nie by die bruilof sal toegelaat word nie soos beskryf in Openbaring 19 nie : *“En ek het iets gehoor soos die stem van ‘n groot menigte en soos die geluid van baie waters en soos die geluid van sterk donderslae wat sê: Halleluja! want die Here God, die Almagtige, het die koningskap aanvaar. Laat ons bly wees en ons verheug en aan Hom die heerlikheid gee, want die bruilof van die Lam het gekom en sy vrou het haar gereed gemaak. En aan haar is gegee om bekleed te wees met rein en blink fyn linne, want die fyn linne is die regverdige daad van die heiliges. Toe sê hy vir my: Skryf salig is die wat genooi is na die bruilofsmaal van die Lam. En hy sê vir my: Dit is die waaragtige woorde van God. En ek het voor sy voete neergeval om hom te aanbid; maar hy het vir my gesê: Moenie! Ek is ‘n mededienskneg van jou en van jou broeders wat die getuienis van Jesus het. Aanbid God. Want die getuienis van Jesus is die gees van die profesie.”* (Opn 19:6-10) En dit is maar die eerste skeiding. Die grootste skok vir my was dat ons hier sien dat 50% van die mense wat hulleself as Christene uitmaak, alreeds by die eerste hekkie gaan stuikel.

*“Dan sal die koninkryk van die hemele wees soos tien maagde wat hulle lampe geneem en uitgegaan het om die bruidegom te ontmoet. En vyf van hulle was verstandig en vyf dwaas. En toe die wat dwaas was, hul lampe neem, het hulle geen olie met hulle saamgeneem nie. Maar die verstandiges het olie in hulle kanne saam met hul lampe geneem. En terwyl die bruidegom talm om te kom, het hulle almal vaak geword en aan die slaap geraak. En middernag was daar ‘n geroep: Daar kom die bruidegom; gaan uit hom tegemoet! Toe staan al daardie maagde op en maak hulle lampe gereed. En die wat dwaas was, sê aan die verstandiges: Gee vir ons van julle olie, want ons lampe gaan uit. Maar die verstandiges antwoord en sê: Miskien sal daar nie genoeg wees vir ons en vir julle nie. Maar gaan liever na die verkopers en koop vir julleself. En onderwyl hulle gaan om te koop, het die bruidegom gekom. En die wat gereed was, het saam met hom ingegaan na die bruilof, en die deur is gesluit. Later kom toe die ander maagde ook en sê: Meneer, meneer, maak vir ons oop! Maar hy antwoord en sê: Voorwaar ek sê vir julle, ek ken julle nie. Waak dan, omdat julle die dag en die uur nie weet waarop die Seun van die mens kom nie.”* (Mat 25:1-13)

Dit wys net weer daarop dat ons elke oomblik van die dag moet reg wees om die Bruidegom te ontmoet. Indien ons talm, sal ons nie die bruilof kan bywoon nie. Daarom dat Johannes dit beskryf dat dit wat ons op aarde gedoen het, ons kleding sal wees, en niemand sonder klere by die bruilof sal wees nie. *“En ek het iets gehoor soos die stem van ‘n groot menigte en soos die geluid van baie waters en soos die geluid van sterk donderslae wat sê: Halleluja! want die Here God, die Almagtige, het die koningskap aanvaar. Laat ons bly wees en ons verheug en aan Hom die heerlikheid gee, want die bruilof van die Lam het gekom en sy vrou het haar gereed gemaak. En aan haar is gegee om bekleed te wees met rein en blink fyn linne, want die fyn linne is die regverdige dade van die heiliges.”* (Opn 19:6-8) Sonder om daade te doen wat by die bekering pas, kan jy nie die bruilof bywoon nie. Hoe stel Paulus dit: *“Daarom, koning Agríppa, was ek aan die hemelse gesig nie ongehoorsaam nie, maar ek het eers aan die mense in Damaskus en in Jerusalem en in die hele land van Judéa en aan die heidene verkondig dat hulle tot inkeer moet kom en hulle tot God bekeer deur werke te doen wat by die bekering pas. Om hierdie rede het die Jode my in die tempel gevang en my probeer ombring. Maar omdat ek hulp van God verkry het, staan ek tot vandag toe en getuig aan klein en groot, en spreek niks buiten wat die profete en ook Moses gesê het dat sou gebeur nie: dat die Christus moes ly en die eerste wees uit die opstanding van die dode, en ‘n lig aan die volk en die heidene sou verkondig.”* (Hnd 26:19-23)

## DIE TWEDE REDE VAN DIE SKEIDING TUSSEN DIE BOKKE EN DIE SKAPE

Nou kom ons by die tweede skeiding. *“Want dit is soos ‘n man wat op reis wou gaan en sy diensknegte roep en aan hulle sy besittings toevertrou. En aan die een gee hy vyf talente en aan die ander twee en aan die ander een, aan elkeen na sy vermoë; en hy het dadelik op reis gegaan. En die een wat die vyf talente ontvang het, het daarmee gaan werk en vyf ander talente gewin. Net so het die een wat die twee ontvang het, self ook twee ander verdien. Maar hy wat die een ontvang het, het in die grond gaan grawe en die geld van sy heer weggesteek. En ná ‘n lang tyd het die heer van daardie diensknegte gekom en met hulle afgereken. En die een wat die vyf talente ontvang het, kom en bring vyf ander talente en sê: Meneer, vyf talente het u aan my toevertrou; hier het ek vyf ander talente daarby verdien. En sy heer sê vir hom: Mooi so, goeie en getroue dienskneg, oor weinig was jy getrou, oor veel sal ek jou aanstel. Gaan in in die vreugde van jou heer. En die een wat die twee talente ontvang het, kom ook en sê: Meneer, twee talente het u aan my toevertrou; hier het ek twee ander talente daarby verdien. Sy heer sê vir hom: Mooi so, goeie en getroue dienskneg, oor weinig was jy getrou, oor veel sal ek jou aanstel. Gaan in in die vreugde van jou heer. En die een wat die een talent ontvang het, kom ook en sê: Meneer, ek het u geken, dat u ‘n harde man is wat maai waar u nie gesaai het nie, en bymekaarmaak waar u nie uitgestrooi het nie; omdat ek bang was, het ek gegaan en u talent in die grond weggesteek. Hier het u wat aan u behoort. Maar sy heer antwoord en sê vir hom: Jou slegte en luie dienskneg, jy het geweet dat ek maai waar ek nie gesaai het nie, en bymekaarmaak waar ek nie uitgestrooi het nie. Daarom moes jy my geld by die wisselaars gestort het, en ek sou by my koms wat aan my behoort, met rente ontvang het. Neem dan die talent van hom weg en gee dit aan die een wat die tien talente het; want aan elkeen wat het, sal gegee word, en hy sal oorfloed hê; maar van hom wat nie het nie, van hom sal weggeneem word ook wat hy het. En werp die nuttelose dienskneg uit in die buitenste duisternis; daar sal geween wees en gekners van die tande.”* (Mat 25:14-30) Wat doen jy met die talente wat die HERE vir jou gegee het? Sit jy maar net agteroor en doen niks, of ontwikkel jy dit wat jy van die HERE ontvang het, sodat daar vrug op jou arbeid is. Onthou net ons almal het nie dieselfde talente ontvang nie, maar ons almal het wel talente ontvang volgens 1 Korintiërs 12. Wat gaan jou antwoord wees wanneer jy voor Jesus verskyn? Het jy jou talente ontwikkel of nie?

## NOU DIE FINALE SKEIDING – DIE NAASTE LIEFDE

Nou kom ons by die tweede gedeelte nadat daar na ons lewens gekyk is of ons die eerste helfde van die gebod van Jesus onderhou het. Die eerste gedeelte het gehandel oor die liefde teenoor

die HERE. Nou kom ons by die tweede gedeelte, die gedeelte wat handel oor liefde teenoor my naaste. *“En wanneer die Seun van die mens in sy heerlijkheid kom en al die heilige engele saam met Hom, dan sal Hy op sy heerlike troon sit; en voor Hom sal al die nasies versamel word, en Hy sal hulle van mekaar afskei soos die herder die skape van die bokke afskei; en Hy sal die skape aan sy regterhand en die bokke aan sy linkerhand sit. Dan sal die Koning vir die wat aan sy regterhand is, sê: Kom, julle geseëndes van my Vader, beërf die koninkryk wat vir julle berei is van die grondlegging van die wêreld af. Want Ek het honger gehad, en julle het My te ete gegee; Ek het dors gehad, en julle het My te drinke gegee; Ek was ‘n vreemdeling, en julle het My herberg gegee; Ek was naak, en julle het My geklee; Ek was siek, en julle het My besoek; in die gevangenis was Ek, en julle het na My gekom. Dan sal die regverdige Hom antwoord en sê: Here, wanneer het ons U honger gesien en gevoed; of dors, en te drinke gegee? En wanneer het ons U ‘n vreemdeling gesien, en herberg gegee; of naak, en geklee? En wanneer het ons U siek gesien of in die gevangenis, en na U gekom? En die Koning sal antwoord en vir hulle sê: Voorwaar Ek sê vir julle, vir sover julle dit gedoen het aan een van die geringstes van hierdie broeders van My, het julle dit aan My gedoen. Dan sal Hy ook vir dié aan sy linkerhand sê: Gaan weg van My, julle vervloektes, in die ewige vuur wat berei is vir die duiwel en sy engele. Want Ek het honger gehad, en julle het My nie te ete gegee nie; Ek het dors gehad, en julle het My nie te drinke gegee nie. Ek was ‘n vreemdeling, en julle het vir My nie herberg gegee nie; naak, en julle het My nie geklee nie; siek en in die gevangenis, en julle het My nie besoek nie. Dan sal hulle Hom ook antwoord en sê: Here, wanneer het ons U honger gesien of dors of ‘n vreemdeling of naak of siek of in die gevangenis, en U nie gedien nie? Dan sal Hy hulle antwoord en sê: Voorwaar Ek sê vir julle, vir sover julle dit nie gedoen het aan een van hierdie geringstes nie, het julle dit aan My ook nie gedoen nie. En hulle sal weggaan in die ewige straf, maar die regverdige in die ewige lewe.”* (Mat 25:31-46)

Hoe het jy teenoor jou naaste opgetree? En onthou jou naaste naaste is jou wederhelf indien jy getroud is. Het jy in vrede gelewe, of het jy vir hom of haar soos ‘n slaaf gebruik? Dan kan ons uitkring na ons kinders. Wat dink jou kinders van jou? Het jy hulle opgevoed soos die Bybel verlang, of het jy hulle maar gelos dat hulle self hulle eie ontdekkings moes doen? Het jy die liefde van Jesus na hulle en jou huisgesin uitgestraal? Johannes gee vir ons ‘n goeie handleiding waarom naaste liefde gaan. En dit is hoe ons as Christen teenoor ander Christene moet optree. *“Want dit is die boodskap wat julle van die begin af gehoor het, dat ons mekaar moet liefhê; nie soos Kain wat uit die Bose was en sy broer doodgeslaan het nie. En waarom het hy hom doodgeslaan? Omdat sy werke boos was en dié van sy broer regverdig. Verwonder julle nie, my broeders, as die wêreld julle haat nie. Ons weet dat ons oorgegaan het uit die dood in die lewe, omdat ons die broeders liefhet. Hy wat sy broeder nie liefhet nie, bly in die dood. Elkeen wat sy broeder haat, is ‘n moordenaar; en julle weet dat geen moordenaar die ewige lewe as iets blywendes in hom het nie. Hieraan het ons die liefde leer ken, dat Hy sy lewe vir ons afgelê het; en ons behoort ons lewe vir die broeders af te lê. Maar wie die goed van die wêreld het en sy broeder sien gebrek ly en sy hart vir hom toesluit, hoe bly die liefde van God in hom? My kinders, laat ons nie liefhê met woorde of met die tong nie, maar met die daad en in waarheid. En hieraan weet ons dat ons uit die waarheid is; en ons sal ons harte voor Hom gerusstel, want as ons hart ons veroordeel, God is meer as ons hart, en Hy weet alles. Geliefdes, as ons hart ons nie veroordeel nie, dan het ons vrymoedigheid teenoor God; en wat ons ook al bid, ontvang ons van Hom, omdat ons sy gebooie bewaar en doen wat welgevallig is voor Hom. En dit is sy gebod, dat ons in die Naam van sy Seun, Jesus Christus, moet glo en mekaar liefhê soos Hy ons ‘n gebod gegee het. En hy wat sy gebooie bewaar, bly in Hom, en Hy in hom. En hieraan weet ons dat Hy in ons bly aan die Gees wat Hy ons gegee het.”* (1Jo 3:11-24) Ek glo nie ek het nodig om verder hieroor uit te brei nie.

Jakobus stel dit so: *“Wat baat dit, my broeders, as iemand sê dat hy die geloof het, maar hy het nie die werke nie? Dié geloof kan hom tog nie red nie? As daar nou ‘n broeder of suster naak is en aan die daaglikse voedsel gebrek het, en een uit julle sou vir hulle sê: Gaan heen in vrede, word warm, word versadig, maar julle gee hulle nie wat vir die liggaam nodig is nie—wat baat dit? Net so is ook die geloof, as dit geen werke het nie, in sigself dood. Maar iemand sal sê: Jy het die geloof en ek die werke. Toon my jou geloof uit jou werke, en ek sal jou uit my werke my geloof toon. Jy glo dat God één is. Jy doen goed; die duiwels glo dit ook, en hulle sidder. Maar wil jy weet, o nietige mens,*

*dat die geloof sonder die werke dood is? Is Abraham, ons vader, nie uit die werke geregverdig toe hy Isak, sy seun, op die altaar geoffer het nie? Sien jy dat die geloof saamgewerk het met sy werke en dat die geloof volkome geword het uit die werke? En die Skrif is vervul wat sê: En Abraham het God geglo, en dit is hom tot geregtigheid gereken, en hy is 'n vriend van God genoem. Sien julle dan nou dat die mens geregverdig word uit die werke en nie alleen uit die geloof nie? En is Ragab, die hoer, nie ook net so geregverdig uit die werke toe sy die boodskappers ontvang en met 'n ander pad weggestuur het nie? Want soos die liggaam sonder gees dood is, so is ook die geloof sonder die werke dood.” (Jak 2:14-26)*

So dit is hoe Jesus nie net die eindtyd nie, maar ook die finale skeiding tussen die skape en die bokke sal doen. So tussen Sy kinders en die kinders van die duisternis. Indien u wil kan u Jesaja 58 lees om te sien hoe Jesaja dit gesien het. Ons wil so graag 'n groep of 'n persoon uitwys as die antichris, maar Jesaja het ook geweet die antichris, die hoer, sal uit die HERE se mense opstaan en op 'n baie subtiële manier die mense oorweldig. *“Ag, hoe het die getroue vesting 'n hoer geword! Dit was vol reg, geregtigheid het daarin vernag—en nou moordenaars! Jou silwer het skuim geword; jou wyn is vervals met water. Jou vorste is opstandeling en metgeselle van diewe; elkeen van hulle het omkoopgeskenke lief en jaag beloninge na. Aan die wees doen hulle geen reg nie, en die saak van die weduwee kom nie voor hulle nie. Daarom spreek die Here HERE van die leërskaer, die Magtige van Israel: o Wee, Ek sal vir My voldoening verskaf van my teëstanders en My wreek op my vyande! En Ek sal my hand teen jou uitstrek en jou skuim soos met loog uitsuiwer en al jou looddele wegneem.” (Jes 1:21-25)*

Ek vertrou dat die kort gedeelte die eindtyd vir ons sal ontsluit sodat ons nie hoef te kyk, lees en hoor hoe mense dink dit gaan wees nie. Jesus het self vir ons uitgewys hoe maklik die paadjie is om te volg, maar ook hoe maklik dit is om afvallig te word, of nie voorbereid te wees vir dit wat kom nie. Dit is regtig nie “rocket science” om te verstaan wat Jesus se verduideliking is nie, maar keuses wat ons elke dag en elke oomblik van die dag moet maak om saam met Hom vir ewig te wees. Ek vertrou dat ek u ook eendag by die voete van Jesus sal ontmoet en jou daar sal sien.



## GRATIS AFRIKAANSE BOEKE

---

Wie is ons?

Ons is Louwrens en Hettie Erasmus, persone wat deur die HERE geroep is om 'n verskil in mense se lewens te maak. Hettie doen al vir byna haar hele lewe innerlike genesing met stukkende mense, en het verskeie formele kursusse bygewoon en kwalifikasies ontvang, maar word nog steeds dag vir dag deur die Heilige Gees gelei en geleer.

Eksel is maar die ou wat die skryfwerk doen. So het ek heelwat geskryf oor wat Hy vir my gewys het, en ook hoe die Heilige Gees my gelei het om op die regte tyd die boodskap wat ek gekry het, neer te skryf.

Ongelukkig het ek Carcinoid kanker vir die afgelope 21 jaar al, maar dit het nou 'n drastiese verandering aan my lewenskwaliteit en ander omstandighede tot gevolg, soveel so dat ek nie meer my normale werk kan doen en so 'n inkomste vir ons kan verdien nie. Ons het 'n fondsinsameling van stapel gestuur om te help met onkoste en daaglikse oorlewing aangesien ons eie fondse dit nie meer kan dek nie, en ek geen werk kan verrig nie. Indien u 'n bedrae wil maak kan u dit doen op twee plekke. Die eerste plek is by die mense wat ons betalings hanteer op ons webtuiste en ons so ondersteun. Hulle bladsy is by

<https://www.payfast.co.za/donate/go/shamaministries>

U kan ook op ons webtuiste bydra by <http://shamaministries.org.za/wp/product/carcinoid-cancer-project/>

Ek kan net noem dat van die meer as 30,000 boeke wat afgelaai is, teen 'n tempo van so tussen 200 en 400 per maand, ek graag ander persone se name wil sien as net die een persoon van Nieu-Seeland wat oor die afgelope 7 jaar een bydrae vir ons gegee het.

Meeste van die boeke is vir uitgewers voorgelê vir publikasie, maar hulle publiseer slegs dagstukkies en boeke van bekende persone wat NIE mense laat dink of bestaande beginsels bevraagteken nie.

Alle kwotasies uit die 1953 vertaling, beklemtoning self bygevoeg

Webtuiste: <http://www.shama.org.za>

Bediening Blog: [www.shamaministries.blogspot.com](http://www.shamaministries.blogspot.com)

Persoonlike Blog: <http://louwrense.blogspot.com> Wat in my lewe aangaan en hoe ek my stryd teen kanker veg.

Epos adres: [louwrens@shama.org.za](mailto:louwrens@shama.org.za) Vervang maar die woorde met die tekens soos in 'n normale epos adres. Dit word maar gedoen om gemorspos tot 'n minimum te beperk.

Gratis boeke beskikbaar wat ek geskryf het:

- Nuutste boek – Jesaja se verklaring van die Kerk in die tyd van die Nuwe Verbond. In die boek behandel ek hoofstuk vir hoofstuk die eerste 35 hoofstukke van Jesaja om vir ons te wys wat Jesaja gesien het, en hoe dit vir ons as Christene vandag gebruik kan word om nie net die geskiedenis te beskryf nie, maar ook hoe hy die eindtyd van die wêreld en die oordele van die verskillende gemeente tipes gesien het, asook wat met die ongelowiges gaan gebeur. Laai dit [hier](#) af.
- Die boek van Moses. Die boek neem u stap vir stap deur die hele proses wat ek hier in kort verduidelik het. Verder beantwoord dit ook baie ander vrae wat ek as Christen elke

dag het. So is die boek ingedeel in hoofde wat handel oor die beginsels waarop ons geloof gebaseer is, wat beteken bekering, geloof, doop, liefde ens. Verder kyk ek ook na meer algemene vrae soos hoe maak ek my kinders volgens die Bybel se standaarde en riglyne groot, oor my finansies en die Kerk, oor seksualisme, Vigs ens. Dan is daar ook 'n gedeelte wat ek kyk na wie of wat Kerk is, hoe ek as lidmaat 'n leraar kan beoordeel en sommer nog baie ander vrae. Die laaste gedeelte kyk ek na hoe die hemel daarna uitsien, gebaseer op dit wat ek in die boek vinnig aangeraak het. Laai dit [hier](#) af.

- Is Egipte in die Hemel? Die boek is gebaseer op my lewe, wat ek ervaar het die eerste keer wat ek 'n baie groot operasie gehad het om kanker te verwyder, en is deels waar, en dan so 'n bietjie fiksie om te verduidelik wat ons in die hemel kan verwag. Laai dit [hier](#) af.
- Ontwaak jy wat slaap. Die boek kyk na die uitverkiesingsleer, en dan wat die gevolge daarvan is. Dit is ook die ingesluit in die Boek van Moses as 'n aparte gedeelte, maar is ook afsonderlik beskikbaar. Laai dit [hier](#) af.
- Kenmerke van 'n Christen. Hoe moet my optrede as Christen wees. Moet die wêreld kan sien dat ek 'n Christen is? Wat is die invloed van die HERE op my daaglikse lewenswandel. Laai dit [hier](#) af.
- Die Verbond van Geregtigheid. Die boek beskryf vir ons volledig wat die verbond vir ons as Christene beteken. Jesus het gesê dat Hy gekom het om te vervul, en nie om nuwe leringe te bring nie. Die boek neem u stap vir stap deur die proses van wat Jesus kom doen het om die verbond te vervul, asook wat die uitwerking daarvan op ons huidige groeperings binne Christendom beteken. Glo my, na u die boek gelees het en besef wat Jesus kom doen het, sal u lewe nooit weer dieselfde wees nie. Dit is as deel 2 van die boek ingesluit. Laai dit [hier](#) af.
- Die Openbaring van die Openbaring van Johannes. Die boek bekyk die boek deur die bril van Israel as voorbeeld vir ons en wat die gevolge is vir ons as Christene is. Dit is nie 'n boek oor al vandag se gebeure en wie en wanneer die antichris gaan verskyn nie, maar neem Israel as voorbeeld, en hoe dinge dan vandag daar uit sien. Ek kan net noem dat dit absoluut verskillend is van enige van die sienspunte wat vandag gehuldig word. Maar, dan moet ons onthou dat meeste van die standpunte vandag iewers in die Roomse Kerk hul oorsprong het. Almal gebruik glad nie Israel as voorbeeld nie, want dan maak ons 'n hele boks vol wurms oop. Laai dit [hier](#) af.
- Op 'n drafstap deur Romeine. Die boek neem u op 'n tog deur Romeine en lig uit hoekom Paulus die boek geskryf het, vir wie dit bedoel was, en wat hy graag persoonlik vir hulle wil oordra aangesien daar verskille onder die mense alreeds was. Die gemeentes is reeds deur ander persone begin, en het Paulus vir hulle geskryf dat hy graag self wou kom om hulle te leer, maar dat hy dit ook per brief aan hulle kan oordra. U kan die boek [hier](#) aflaai.
- Matteus 24 en 25 – Olyfberg boodskap van Jesus verduidelik. In die kort gedeelte verduidelik ek die twee hoofstukke uit 'n oogpunt soos ek glo Jesus dit bedoel het. Eerstens kyk ek na hoe Jesus die geskiedenis sien tot en met die wederkoms, en dan watter maatstawwe Hy gaan gebruik om Sy skape van die bokke te skei. U kan die boek [hier](#) aflaai.
- Jode – Kerk of Nasie? In die kort oorsig kyk ek na die verwysings na Israel as nasie, of was hulle die Ou Verbond se Kerk? Daar is sovele verkeerde boodskappe wat die wêreld ingestuur word, ek glo ek dat hierdie studie u net so sal skok soos dit my geskok het. Dit is seker ook die grootste rede vir die bestaan van die antichris leerstelling van die wegraping. U kan dit [hier](#) aflaai.

- Boeke deur ander skrywers wat ook hier beskikbaar is. Die uitleg van drome is altyd 'n onderwerp wat redelike debatte ontketen. Ek het 'n boek wat Bybelse tekste en beelde as basis gebruik [hier](#) beskikbaar, asook een boek wat ek na verwys binne van my boeke, "The Epistle of Barnabas by Mark" ook [hier](#) beskikbaar. Verder sal u ook die handleiding vind wat ek by ons Bybelskool gebruik het [hier](#)
- Dan is daar ook 'n klomp korter artikels wat beskikbaar is op my webtuiste by ander onderwerpe.
  - Israelvisie of British-Israel World Federation
  - Hoe versprei ek die evangelie van Jesus Christus?
  - Die agt deugde van die mees suksesvolste Christenne
  - Wie verkondig jy? Die vermoorde of die moordenaar?
  - Begrawe of veras?
  - Die Huwelik – my trou preek
  - Die Sabbat? Wat is dit en wat beteken dit vir ons as Christene?
  - Hoe beoordeel ek as Christen die dinge van die dag?
  - Hoe gemaak met mense wat hulle self as Christene uitgee, maar tog ander Christene uitbuit
  - Die Jode in Handeling
  - Hoe tree jy as Christen op?
- DVD's Daar is ook 'n hele paar van die boeke wat ek as DVD's opgeneem het, en wat gebaseer is op die eboek met dieselfde naam, maar waar addisionele inligting ook beskikbaar is. Die DVD's is self opgeneem en is beskikbaar in volledige HD (high definition) formaat. Dit kan as volledige DVD's bestel word deur my te kontak by louwrens at shama dot org dot za. Die kostes beloop R400 per stel van 3 DVD's en word deur Speed Services van poskantoor na poskantoor gestuur.
- Youtube Die videos wat ek opgeneem het kan ook gratis gekyk word op youtube by <https://www.youtube.com/user/LouwErasmus>